PROSPEKTUS: GRAAD R

Baie dankie dat u die Pre-primêre Skool Kenridge oorweeg as 'n opsie vir u kind se toekomstige skoolopleiding. Neem asseblief kennis van die volgende belangrike inligting:

Personeel van Pre-primêre Skool Kenridge – Graad R

Tossie Alexander	Skoolhoof	Graad R & Pre-Graad R
Anneke Pretorius	Graadhoof & Onderwyseres	Vissieklas
Tammy Kuun	Onderwyseres	Hasieklas
Celesti Aldrich	Onderwyseres	Dolfynklas
Ezélle Wessels	Onderwyseres	Bytjieklas
Megan Ferreira	Onderwyseres	Seekoeiklas
Ruth de Lange	Onderwyseres	Eendjieklas
Christine Engelbrecht	Onderwyseres	Skoenlapperklas
Joannie Oosthuizen	Onderwyseres	Beertjieklas
Juanita van der Merwe	Sekretaresse	
Christel Alexander	Assistent	
Charmaine Pretorius	Assistent	
Carina Mouton	Assistent	
Roezhaé van der Weshuizen	Assistent	

Kontakbesonderhede

Telefoon- en faksnommer: ☎ 021 975 1163
SMS-nommer: 073 158 9332

Goedgekeurde skoolkalender vir 2017

KWARTAAL	OPEN	SLUIT
Eerste	11 Januarie	31 Maart
Tweede	18 April	30 Junie
Derde	24 Julie	29 September
Vierde	9 Oktober	6 Desember

Skoolure

Ons skoolure is: 08:00 – 12:30

Die skoolure vir die EERSTE TWEE WEKE sal korter wees om die kinders kans te gee om aan te pas. Die skool begin op Woensdag, 11 Januarie 2017.

1ste Week:	08:00 – 11:30	(11 Januarie – 13 Januarie)
2de Week:	08:00 – 12:00	(16 Januarie – 20 Januarie)
3de Week:	08:00 – 12:30	(23 Januarie – Desember)

Ons hekke open om 07:30 maar daar is geen toesig in die tuin voor 07:45 nie. Indien u kind

vroeër afgelaai moet word, moet u asseblief reëlings tref met die vroegoggendsorg by ☎ 021 976 3046.

Ouerinligtingsaand

Ons inligtingsaand vir ouers sal vroeg in die nuwe jaar aangebied word. Dit sal u die geleentheid bied om vertroud te raak met die beleide en prosesse van die Graad R-afdeling.

Naskoolsentrum

Daar is 'n beperkte aantal plekke by hierdie fasiliteit beskikbaar. Kontak Mike de Villiers direk vir navrae, ☎ 021 976 4048.

Klasbenodighede/bak-en-brou

U skoolrekening sal onderskeidelik op 1 Maart en 1 Augustus met R150,00 gedebiteer word, om die koste van Gr R klasbenodigdhede te dek. Hierdie items sal by die skool gehou word.

T-Hemde

T-hemde en warm baadjies is beskikbaar by die skoolklerewinkel. Ons moedig u aan om 'n t-hemp en warm baadjie aan te skaf, aangesien dit ons uniform is en kleuters dit op uitstappies, asook op L.O.-dae dra (Donderdae).

Stuur asseblief die volgende saam op die eerste dag van die nuwe kwartaal:

- 'n sterk plastiese tas of een wat met karton versterk is (moet in 'n 30cm X 30cm rakkie kan pas)
- voorskoot – pappa se ou **kortmouhemp** werk goed. Werk asseblief 'n groot **lus** bo-aan die hemp sodat dit maklik opgehang kan word. Skryf u kind se **naam** groot op die voorkant.
- 2 houers vloeibare handewasseep
- 2 x 40g Pritt
- 1 doos snesies
- 'n gemerkte sonhoed wat by die skool kan bly.

Merk asseblief alle persoonlike items duidelik met naam en van!

Reëls

- Geen persoonlike speelgoed nie.
- Seuns en dogters se hare moet te alle tye netjies gesny of vasgemaak word. Geen kuiwe wat in die oë hang sal toegelaat word nie.
- Oorbelle is slegs vir dogters. (Geen oorbelle wat kan haak nie.)
- Ons stel die volgende voor: bruinbrood toebroodjies, semel muffins, vars vrugte & groente, neute, kaas, springmielies, Weense worsies, biltong of droë vrugte. Lekkers, koekies, skyfies, ens. slegs op Vrydae.
- Geen medisyne mag deur die skool toegedien word sonder skriftelike toestemming nie.
- Kontant moet altyd in 'n gemerkte koevert, en in die klasposbus geplaas word.
- Parkeer asseblief in die parkeerplekke – moet asseblief nie die geel en rooi strepe ignoreer nie.
- Rapporteer asseblief eers by die kantoor indien u gedurende skoolure die skool besoek.
- Geen kind mag gedurende skoolure die skool verlaat vir buitemuurse aktiwiteite wat

elders plaasvind nie.

- Moet asseblief nie die klokkie lui om vroeër as 07:30 en 12:30 toegang te verkry nie.
- Maak asseblief altyd die hek agter u toe.
- Wees altyd betyds.
- Ons versoek ouers vriendelik om asseblief die skoolgronde so gou as moontlik na die skooldag te verlaat, om sodoende die Nasorg en buitemuurse aktiwiteite te akkommodeer. Maak gerus gebruik van die gedenktuin (langs die laerskool se hoofingang) indien u vroeg opdaag om u kleuter by 'n naskoolse aktiwiteit te kom haal.
- Ongelukkig geen honde - klein of groot – word op skoolgronde toegelaat nie, asseblief.
- Die skool is 'n rookvrye sone. Rook is dus verbode op die skoolgronde.
- U mag slegs foto's van u eie kind op sosiale media plaas.

Ons sien uit daarna om u by ons skool te verwelkom. Vir verdere inligting besoek gerus Graad R op die Laerskool se webblad.